**2.2**
**SLUIT VAN KOSTEPUNTE**

**Bestek: Die beleid bevat die US se werkswyse tydens die sluit van kostepunte.**

**Beleidnommer: 048B/13/09/06**

**Beleid:**

Aangesien die sluit van kostepunte binne verskeie omgewings probleme veroorsaak word die volgende werkswyse voorgestel:

- Versoeke vir die sluit van kostepunte moet gerig word aan Finansiële- en Bestuurstelsels. Finansiële- en Bestuurstelsels kontroleer die volgende:

  - dat die saldo van die kostepunt nul is. Indien enige surplusse/tekorte binne die kostepunt bestaan, moet die departement 'n kostepunt aandui waaruit die suplus/tekort oorgedra kan word. 'n Versoek tot oordrag van fondse word aan die Rekenmeester by Finansies wat verantwoordelik is vir oordragte gestuur;

  - dat daar geen verpligtings op die kostepunt is nie, indien wel, moet die Departement die verpligtings hanteer en afdeling Finansiële- en Bestuurstelsels in kennis stel sodra die verpligtings afgewerk is;

  - dat daar geen bates op die kostepunt is nie, indien wel, word Fondse- en Batebestuur versoek om die aktiewe bates te skuif na die aangeduide kostepunt;

  - dat indien die kostepunt rente verdien, Fondse- en Batebestuur die rente-indikator verander na die aangeduide kostepunt en

  - dat geen salarisse uit die kostepunte betaal word nie. Indien wel word Menslike Hulpbronne in kennis gestel.

  - Sodra terugvoer van bogenoemde omgewings ontvang word, sal Finansiële- en Bestuurstelsels voortgaan om die kostepunt te sluit.

- Studentevereniging kostepunte: Die opening en sluit van alle SV-kostepunte sal slegs plaasvind met die goedkeuring van die SR-lid vir Verenigings.

Dit bly egter die departement se verantwoordelikheid om:

- kostepunte te identifiseer wat gesluit moet word en Finansiële Dienste of Finansiële- en Bestuurstelsels in kennis te stel daarvan;

- alle verpligtings af te handel en

- aan te dui waarheen die surplus/tekort, rente en bates geskuif moet word.

**PERSONEELLEDE WAT DIE US SE DIENS VERLAAT**

Kostepunte van persone wat die Universiteit se diens verlaat moet:

- deur Afdeling Finansiële- en Bestuurstelsels en/of die betrokke departement/afdeling identifiseer word sodra die persoon die universiteit se diens verlaat en die kostepunte deurgee aan die betrokke Rekenmeester by Finansiële Dienste om:

- skoongemaak en gesluit te word of
- die Dekaan en/of Viserektor (Navorsing) moet aanbeveel wat met die personeellid se navorsingsfondse moet gebeur.

Riglyne:

| | |
|---|---|
| K-kostepunte: | Terug na Subkomitee A, B of C (B268A, B268B of B268C) |
| Navorsingsfondse: | Reageer op Aanbeveling van Dekaan en/of Viserektor (Navorsing) |
| Rektorstoekenning | Terug na B064 |
| Statutêre Rade: | Terugbetaalbaar aan Statutêre Raad |
| Vestigingsfondse: | Terug na Dekaan |

**SLUIT & OOPMAAK VAN KOSTEPUNT REKENING KOMBINASIES: 0999**

Geen salaris kostepunt rekening kombinasie mag gesluit word tydens die laaste week van die maand wanneer afdeling Vergoeding salarisse posteer nie. Die korrekte kostepunt moet deur die betrokke departement aan Menslike Hulpbronne gegee word ten opsigte van die postering vir die volgende maand.

**Kontak afdeling:**
Finansiële- en Bestuurstelsels